

Wenke en Waarhede vir jong

As jy met jou hele hart die belofte van Johannes 1 vers 12 vir jou toegeëien het, dan weet jy nou dat jy 'n kind van God is. Onthou die volgende paar wenke en waarhede vir die pad wat voorle, en pas dit toe in jou lewe.

1. EWIGE LEWE

Wees daarvan verseker dat jy alreeds die ewige lewe besit wanneer jy 'My geboortesertifikaat toegepas het. Daar het 'n geestelike geboorte in jou plaasgevind en dit is die begin van 'n nuwe lewe - die ewige lewe. (Johannes 3 vers 36)

2. GETUIENIS

Gaan vertel binne die volgende uur vir iemand dat jy 'n kind van God geword het. (Romeine 10 vers 9 en 10)

BEKERING EN RESTITUSIE

Bekering beteken twee dinge: Eerstens 'n vernuwing van jou gemoed 'to change one's mind' (Romeine 12 vers 2) - Dit is dus 'n innerlike verandering. Tweedens beteken dit om om te draai, om 180 grade om te draai (Johannes 21 vers 20; Handeling 9 vers 35). Dit is 'n uiterlike verandering. Die innerlike en uiterlike verandering gaan hand aan hand. Die een is nie moontlik sonder die ander nie. Gaan maak reg waar jy iemand benadeel het. (Jakobus 5 vers 16). Saggeüs het vierdubbel teruggegee waar hy mense afgepers het. (Lukas 19 vers 8).

4. VRYSpraak VAN DIE OORDEEL VAN GOD

Jy is byvoorbaat onskuldig verklaar deur die Here Jesus. (Romeine 8 vers 1)

5. GELOOFSEKERHEID

Eenkeer 'n kind van God, altyd 'n kind van God. (Johannes 10 vers 28) Jou bewaring is 'n waarborg sonder 'n vervaldatum.

6. DIE TEENWOORDIGHEID VAN CHRISTUS

Dink daaraan dat Jesus elke oomblik in jou lewe teenwoordig is deur sy Gees - die Heilige Gees. (Galasiërs 4 vers 6) Oral waar jy gaan, gaan Hy saam met jou.

7. 'N KRAGTIGE LEWE

Jesus gee krag wat jou tot die onmoontlike in staat stel. (Filippense 4 vers 13). Ook oorwinning oor vroeëre sondes!

8. DAAGLIKSE OORGAWE

Onthou om elke dag weer jou lewe onvoorwaardelik aan die Here Jesus oor te gee. (Romeine 6 vers 13; Romeine 12 vers 1)

9. DIE VRUG VAN DIE GEES

Die vrug wat by die bekering pas, moet ook in jou lewe gedra word. (Matteus 3 vers 8) Dit is noodsaaklik dat die vrug van die Gees (Galasiërs 5 vers 22) in jou lewe sal groei.

10. GEEN SONDELOOSHEID

Die geestelike stryd duur voort. (Galasiërs 5 vers 17) Wanneer jy struikel, staan dadelik op en bely jou sonde.

11. DAAGLIKSE BYBELSTUDIE

Staan elke môre vroeg genoeg op om jou te Bybel te lees. (1 Petrus 2 vers 2) Ook saans voordat jy gaan slap wil die Here weer met jou praat deur sy Woord.

12. GEREELDE GEBED

'n Gereelde ontmoeting met die Here Jesus in jou binnekamer is baie belangrik. (Matteüs 6 vers 6) Praat met Hom soos wat jy met 'n vriend gesels. Moet ook nie jou belangrike aandeel in 'n biduur vergeet nie.

13. DIE ONDERSTEUNING VAN MEDE-GELOWIGES

Soek die geselskap van ander gelowiges op in christelike aksies en kerkdienste. (Hebreërs 10 vers 25) Elke keer as die kerkklok lui, onthou jou afspraak met die Here Jesus.

14. 'N NUWE DOELWIT

Doen alles tot God se eer. (1 Korintiërs 10 vers 31)

15. VERWAG TEENSTAND

'n Christen se belydenis en getuienis lok altyd reaksie uit van die wêreld en selfs van oënskynlike christene. Hulle sal jou kritiseer en met jou probeer spot. (Handelinge 2 vers 13) Wanneer hulle lag, moenie terugdeins nie. Wees nog meer vasberade en doelgerig.

16. GEVOEL

Moenie toelaat dat jou gevoel jou mislei nie. As die duiwel jou oor 'n paar dae daarop wys dat jy nie meer dieselfde gevoel het as wat jy gehad het nie, moenie daarom begin twyfel nie. Jy het nie gevoelsekerheid nie, maar geloofsekerheid. Jou geestelike geboortesertifikaat is jou bewys en nie jou gevoel wat op en af beweeg nie. Vertrou op Jesus se belofte vir jou sekerheid. (Johannes 1 vers 12).

Die Here het soveel wonderlike beloftes vir ons gegee in sy Bybelwoord. Onderstreep beloftes wat jy ontdek en memoriseer dit sodat jy dit kan gebruik om te bly staan in die geloof! Mag die pad saam met die Gees van die Here Jesus 'n wonderlike avontuur in die geloof wees.

Skrywer: Dr Ernst van der Walt